**TWEE OPSIES OM AS STUDENT TE REGISTREER: FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

Daar is twee verskillende opsies beskikbaar waarvolgens jy amptelik as student van die Universiteit Stellenbosch in Januarie 2019 kan registreer. Die een is selfregistrasie (e-registrasie), en die ander een is deur gebruik te maak van die registrasieproses in GERGA op die Tygerberg-kampus vir studente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Die GERGA registrasie wat tydens die verwelkomingsprogram plaasvind, volg ’n vaste skedule. Indien jy die Nasionale Senior Sertifikaat of die IEB-sertifikaat verwerf het, sal jy van selfregistrasie gebruik kan maak. Kandidate uit ander skoolstelsels kan nie self registreer nie.

Dit is belangrik dat jy die **kennisgewing oor registrasie** wat die Registrateur van die Universiteit afsonderlik voor die einde van die jaar aan jou sal stuur deeglik lees. Al die inligting wat jy benodig om te besluit of jy van selfregistrasie gebruik wil maak, en of jy eerder gedurende die verwelkomingsprogram in GERGA op Tygerberg-kampus wil kom registreer, sal in die kennisgewing verskaf word. Al die nodige datums, tye, dokumentasie benodig en ander belangrike inligting sal in die kennisgewing verskaf word. **Die selfregistrasiestelsel sal vanaf 16 tot 25 Januarie 2019 oop wees**.

Selfregistrasie kan gedoen word vanaf enige rekenaar met internettoegang op **www.mymaties.com**. Ons wil jou graag sterk aanmoedig om hierdie opsie te gebruik, aangesien jy dan reeds voor jou vertrek na Tygerberg sal weet of jy aan die toelatingsvereistes van die studieprogram waartoe jy voorwaardelik toegelaat is, voldoen en, indien wel, dat jy finaal as student aanvaar en geregistreer is. Jy sal dan net jou **studentekaart** moet gaan kry in die tydgleuf wat vir jou registrasie in GERGA bepaal is. **Dit is egter belangrik dat jy steeds die volle verwelkomingsprogram bywoon**.

Indien jy nie van selfregistrasie kan of wil gebruik maak nie, moet jy op **Vrydag 25 Januarie 2019,** by GERGA vir registrasie aanmeld en al die nodige dokumente byderhand hê (kyk verder aan vir dokumente wat vereis word). Let asseblief daarop dat eerstejaarstudente wat nie op hierdie datums geregistreer het nie en nie spesiale toestemming kry om nog te mag registreer nie, ’n heffing van R500 sal moet betaal.

Indien jy nie van selfregistrasie gebruik gaan maak nie, is dit jóú verantwoordelikheid om seker te maak dat jy aan al die toelatingsvereistes van jou studieprogram voldoen vóór jy na Tygerberg vertrek. Indien jy in GERGA gaan registreer, moet jy die volgende **oorspronklike** dokumente toon wanneer jy in die geskeduleerde tydgleuf daar aanmeld:

1. Uitslagadvies van die 2018 NSS- of IEB-skooleindeksamen.
2. NSS- of IEB-kandidate wat in 2017 of vroeër gematrikuleer het: Nasionale Senior Sertifikaat.
3. Kandidate uit ander skoolstelsels: skooleindsertifikaat/e en universiteitvrystellingsertifikaat uitgereik deur die SA Matrikulasieraad.
4. Kandidate wat by ander universiteite studeer het: Die dokument/e by 2 of 3 hierbo genoem, sowel as ’n volledige studierekord en bevredigende gedragsertifikaat van die betrokke universiteit.
5. Indien jy nie ’n Suid-Afrikaanse burger is nie: ’n geldige studiepermit.

Alle nuweling-eerstejaarstudente vir die BSc in Dieetkunde-, BSc in Fisioterapie-, MB, ChB en Verpleegkunde en Verloskunde-programme, wat om een of ander rede nie self kan registreer nie, sal dus op **Vrydag 25 Januarie 2019** in die rekenaargebruikersarea (GERGA), 3de vloer, Onderwysgebou (nr 2 op die kaart), Tygerberg-kampus kan registreer (sien tabel verder ondertoe).

Nuweling-eerstejaarstudente vir die B in Arbeidsterapie- en B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie-programme wat om een of ander rede nie self kan registreer nie, sal op die Stellenbosch-kampus op **Vrydag 25 Januarie 2019 tussen 14:00 en 16:00** by me Erina van Wyk , kamer 3008, Admin A (nr 1 op die kaart), kan registreer.

**Datum en tyd van registrasie wat in koshuis- en PSO-verband plaasvind** (dus slegs BSc in Dieetkunde 1-, BSc Fisioterapie 1-, Verpleegkunde en Verloskunde 1 en MB, ChB I-studente)

**Registrasie – Vrydag 25 Januarie 2019**

| TYD | KOSHUIS |
|---|---|
| 09:00 – 09:30 | Huis Francie van Zyl |
| 09:30 – 10:00 | Huis Kerkenberg en Meerhoff |
| 10:00 – 10:30 | Hippokrates |
| 10:30 – 11:45 | Osler (Privaat Studente-wyk) |

**TWO OPTIONS TO REGISTER AS STUDENT: FACULTY OF MEDICINE AND HEALTH SCIENCES**

There are two different options available for you to officially register as a student of Stellenbosch University in January 2019. The one is self-registration (e-registration), and the other one is by using the registration process in GERGA on Tygerberg campus for students in the Faculty of Medicine and Health Sciences. The GERGA registration that takes place during the welcoming programme, follows a fixed schedule. If you have done the National Senior Certificate or the IEB-certificate, you will be able to register yourself. Candidates from other school systems cannot self-register.

It is important that you carefully read the **notice on registration** that will be sent to you separately by the Registrar of the University before the end of the year. All the information that you need to decide whether you want to register yourself, or whether you rather want to register in GERGA at the Tygerberg campus during the welcoming programme, will be given in the notice. All the necessary dates, times, documentation required and other important information will be contained in the notice. **The system for self-registration will be open from 16 to 25 January 2019.**

Self-registration can be done from any computer with access to internet on **www.mymaties.com**. We wish to urge you to use this option, as you will know before leaving for Tygerberg whether you meet the admission requirements of the study programme to which you were provisionally admitted and, if so, that you were finally accepted and registered as student. You will then just have to acquire your **student card** in the time slot determined for your registration in GERGA. **It is, however, important that you attend the full welcoming programme**.

If you cannot or do not want to register yourself, you must ensure that you report for registration on **Friday 25 January 2019,** at GERGA with all the necessary documents that are required (see further on for documents required). Please note that first-year students who have not registered on these dates and who have not obtained special permission to register late, will be charged a levy of R500.

If you do not register yourself, it is your responsibility to ensure that you comply with all the admission requirements of your study programme before you leave for Tygerberg. If you are going to register in GERGA, you must show the following **original** documents when you report for registration in the allotted time slot:

1. Advice of Results of the 2018 NSC or IEB final school-leaving examination.
2. NSC or IEB candidates who matriculated in 2017 or earlier: National Senior Certificate.
3. Candidates from other school systems: School-leaving certificate/s and certificate of university exemption issued by the SA Matriculation Board.
4. Candidates who studied at other universities: The documents mentioned in 2 or 3 as well as a full academic record and a certificate of good conduct issued by the university concerned.
5. If you are not a South African citizen: a valid study permit.

All new first-year students for the BSc in Dietetics, BSc in Physiotherapy, B of Nursing and Midwifery and MB, ChB programmes, who cannot self-register will thus register on **Friday 25 January 2019,** in the computer user area (GERGA), 3rd floor, Teaching Building (no 2 on the map), Tygerberg campus (see table below).

New first-year students for the B of Occupational Therapy and B of Speech-Language and Hearing Therapy programmes who cannot self-register will register at the Stellenbosch campus on **Friday 25 January 2019, between 14:00 and 16:00** in room 3008, Admin A (no 1 on the map), office of Ms Erina van Wyk.

**Date and time of registration taking place according to residences and PSO** (only BSc in Dietetics I, BSc in Physiotherapy I, B of Nursing and Midwifery and MB, ChB I students):

**Registration – Friday 56 January 2019**

| TIME | RESIDENCE |
|---|---|
| 09:00 – 09:30 | Huis Francie van Zyl |
| 09:30 – 10:00 | Huis Kerkenberg and Meerhoff |
| 10:00 – 10:30 | Hippokrates |
| 10:30 – 11:45 | Osler (Private Students' Ward) |